AS EK NOG NET SES MANGOES HET…

Julian Müller

Toe prof Wallie da Silva op ‘n dag aan die einde van 1998 by my kantoor instap en aankondig dat hy vir die Meestersgraad in pastorale gesinsterapie wil inskryf, was dit ‘n groot dag. Hy is ‘n gewaardeerde professor in Semitiese Tale op die kampus van die Universiteit van Pretoria. Om so iemand, wat reeds in ‘n ander rigting tot op die hoogste vlak gekwalifiseer is, as student te kry is ‘n groot voorreg en natuurlike ‘n verrykende ervaring vir die ander kursusgangers.

Hy het homself ingewerp in die groep en onmiddellik ‘n baie positiewe rol gespeel. Sy lewensrypheid, pittigheid en ongeëwenaarde vermoë om stories te vertel, het vir kosbare momente gesorg.

Die kursus word by wyse van vier blokke van een week elk aangebied. Gedurende die eerste week in Februarie vanjaar, het hy ‘n keer verskoning gevra omdat hy ‘n doktersondersoek moes ondergaan. Hy het af en toe ‘n ‘blackout’ gekry en die huisdokter het hom na ‘n spesialis gestuur. ‘n Week of twee later het ons die treurige berig gekry dat Wallie gediagnoseer is met ‘n kwaadaardige breintumor. Ons was verslae en hartseer. Hy is vinnig geopereer, die gewas is verwyder en kort daarna is begin met intensiewe bestralings. Dit het hom so ontsettend siek gemaak dat hy nie eers besoek kon ontvang nie.

Tydens die Tweede en derde weke van die kursus in Junie en Augustus vanjaar was die groep sonder Wallie bymekaar. Al die studente het met skok kennis geneem van sy ernstige siektetoestand. Ons het baie aan hom gedink en vir hom gebid. Sy afwesigheid is as ‘n groot verlies ervaar. Ons het ook sommer aanvaar dat ons hom nie weer in ons kursus sou sien nie.

Wat ‘n heerlike verrassing was dit toe Wallie in September eendag by ons Fakulteit se personeelkamer instap en sê: ‘Ja, julle het gedink julle is ontslae van my…!’. Ons was so verras en bly om hom te sien. Hy het onmiddellik vir my gesê dat hy graag wil terugkom en die kursus voltooi. Die dokter het hom aanbeveel om af te tree uit sy pos, maar het ook

gesê dat hy dink dit is ‘n goeie idee as hy volhou met die dinge wat hy geniet, soos hierdie kursus.

Met die aanvang van ons vierde week, was Wallie daar. Wat ‘n vreugde was dit nie vir die groep nie. Ek het hom geleentheid gegee om sy ervaringe met ons te deel. Hy vertel hoedat die dokter wat die X-strale en die skanderings gedoen het, hom met die koevert vol goed wou wegstuur na die neurochirurg, maar dat hy geweier het en daarop gestaan het om van die dokter self ‘n verduideliking te kry oor die betekenis van al die fotos. Net daar en dan het hy toe gehoor dat daar ‘n gewas is, dat dit kwaadaardig is en al groot geword het. Die breinchirurg het besluit om onmiddellik te opereer. Agt-en-negentig persent van die gewas kon verwyder word. Die ander deeltjie was te naby aan die breinstam en moes toe met bestraling gebombardeer word. Hy het wonderlik vinnig na die operasie herstel. Dit was die behandeling wat toe gevolg het, wat hom ontsettend siek gemaak het. Daarna het dit geleidelik begin beter gaan en nou het hy byna al sy kragte weer terug.

Op sy eie kenmerkende manier het Wallie toe sy hantering van hierdie ernstige krisis vir ons verduidelik met ‘n Mango-beeld. Hy sê, hy wil dit vir ons ‘op ‘n Portuguese manier verduidelik’ (Wallie is gedeeltelik van Portuguese afkoms): ‘Waar ek altyd gedink het ek het nog so twintigduisend mangoes om te eet in my lewe, moes ek nou agterkom dat ek dalk nog net ses oor het. Dit beteken ek moet nou elkeen ten volle geniet’!

Hierdie pragtige beeld het my diep getref. Dit is wat ek sou beskryf as gereformeerde spiritualiteit. Wallie het nie gesmous met wonderwerke en gebedsverhoring nie. Hy maak nie allerhande vroom praatjies nie. Hy aanvaar sy situasie en maak die beste daarvan. As God dan vir hom nog net ses mangoes gee, dan geniet hy elkeen van hulle terdeë. Hy is nugter genoeg om te weet dat as die spesialis vir hom sê dat hierdie ‘n agressiewe en gevaarlike kanker is, hy dit as ‘n gegewene moet aanvaar, maar intussen sien hy dat die Here hom met nog ‘n paar ‘mangoes’ begenadig en daarvoor is hy dankbaar en hy gaan elke een van hulle geniet.

Hierdie opregte vroom, maar nugtere spiritualiteit kom in nog ‘n storie wat hy vertel, na vore. Een van die sekretasses by sy Departement het vir hom gesê dat sy bid vir hom en glo hy sal heeltemal gesond word. Hy sê toe vir haar maar die gesondheid en die lewe is nie die belangrikste nie. Grappenderwys het hy toe bygevoeg: ‘Sê nou ek kry nog meer van die lewe, maar ek verloor dalk die ewige lewe…’ Wallie sê dat die dame hom so aangekyk het en toe gesê het: ‘ Bid jy maar soos jy dink die beste is, maar ek gaan bid soos ek wil!’.

Vir ons wat saam met Wallie deel vorm van die kursus is dit ‘n groot geskenk dat hy weer terug gekom het. Dit is so lekker dat hy hierdie studies as een van sy ‘ses mangoes’ beskou. Ons voel asof God op dié manier ook vir elkeen van ons ‘n heerlike sappige mango gegee het. Wallie verryk ons lewe van voor af!

ANDER ARTIKELS:

PREDIKANTE SKRAM WEG VAN KONTROVERSIëLE SAKE

(VERSKYN IN \WOORD EN DAAD)

Julian Müller*

Ek is getoë in die gereformeerde leer en die begrip ‘tekspredikíng’ het sedert my vroegste teologiese opleiding as ‘n ideaal na vore gekom. Méér as net ‘n ideaal. ‘n Werklike maatstaf waaraan alle prediking gemeet behoort te word. Hoe getrouer die preek aan die teks is en hoe suiwerder die ‘teksuitleg’ is, hoe beter is die preek.

As ek eerlik met myself is, moet ek vandag erken dat ek nie meer dieselfde entoesiasme het oor tekspredikíng as twintig jaar gelede toe ek WD Jonker se boek, Die Woord as Opdrag, met gloeiende entoesiasme gelees het nie. Die vurige oortuiging wat ek soms by goedbedoelende lidmate en teoloë aantref wanneer daar byvoorbeeld gepraat word oor die ‘expository preaching’ van John McArthur, kan ek met die beste wil in die wêreld nie meer deel nie.

In selfrefleksie en nadenke oor wat hierdie groot verandering in my eie beskouing oor prediking teweeg gebring het, het ek besef dat ek veral op twee terreine ontnugter geraak het: Die een het te doen met my ervaring in die teologiese fakulteit waar ek medeverantwoordelik is daarvoor om studente te leer preek; en die ander met my ervaring as kerkganger en as prediker.

Ons studente word geleer om baie moeite te doen met skrifuitleg. Wanneer klas- en proefpreke ingedien word, word van hulle verwag om uitgebreide eksegetiese werk te doen. Nie alleen die preek nie, maar bladsye van 'kombuiswerk' moet ingelewer word. In die meeste gevalle kry die student 'n goeie punt vir sy skrifuitleg. Ure en ure se werk word weerspieël in sogenaamde makro en mikro eksegese. Maar wanneer dit by die preek self kom, is dit gewoonlik maar 'n gesukkel om 'n effektiewe, aktuele preek te produseer wat terselfdertyd gebaseer is op die Skrifuitleg. Dit het algaande al hoe duideliker geword dat goeie Skrifuitleg nie noodwendig in goeie prediking uitmond nie. Skrifuitleg lei nie vanselfsprekend tot 'n goeie preek nie. Ek het myself die vraag begin afvra of ons nie ons prediking op 'n mite bou nie? – die mite dat Skrifuitleg vanselfsprekend goeie prediking behels.

In die kerkbank het ek dikwels ambivalente ervarings. Aan die een kant voel ek positief wanneer 'n dominee die teks uitlê, maar aan die einde van die preek voel ek meermale om te sê: 'So what?' Dominees kry dit skynbaar reg om mense te 'stig' sonder om by die werklike 'issues' van die dag uit te kom. Ons het 'n tradisie wat ook in ons kerkargitektuur na vore kom waarin die Bybel in die middelpunt geplaas word. Maar in die middel van wat? Bly die Bybel nie maar net lê in die fokuspunt van die kerkgebou, terwyl die prediking nie daarin slaag om dit in die midde van mense se lewens neer te sit nie?

Ek onthou ook hoedat ek in my tweede gemeente (Primroseheuwel) 'n reeks preke tydens die aanddienste gehou het uit Efesiërs. Ek was in daardie tyd met doktorale studies besig en een van my studieopdragte was die boek van Paulus aan die Efesiërs en daarom kon ek die gemeente van deeglike eksegese voorsien. Eendag het 'n baie getroue diaken op 'n baie taktvolle wyse vir my gesê dat hy dink ek slaan die bal heeltemal mis met die reeks omdat dit te ver van die gewone lewe af is. Dit het my geskok en ontstel, maar uiteindelik het ek besef dat die diaken reg was.

Dink ek vandag terug, besef ek dat my prediking in Primroseheuwel en die verskyning van WD Jonker se boek, Die Woord as Opdrag, albei gebeurtenisse van die sewentiger jare was. Die jare waarin die Suid-Afrikaanse samelewing in die grootste krisis was. Dit

was die jare waarin apartheid nog hoog in die blom gestaan het. Die samelewing het geknel gegaan onder ‘n neerdrukkende, totalitêre sisteem. In daardie tyd het die Afrikaner kerke elke Sondag vol gesit en duisende mense het gereeld na goeie Skrifuitleg geluister. Ek vra myself af waarom die kritiese stemme teen apartheid meestal nie uit ons tradisie met ons Skrifprediking gekom het nie, maar uit ander oorde? En weereens kan ek nie anders as om tot die konklusie te kom dat suiwer teksuitleg nie noodwendig goeie prediking tot gevolg het nie.

Die lineêre benadering waar daar op ‘n reguitlyn beweeg word van teks na preek met ‘n ‘toepassing’ aan die einde, het selde daarin geslaag om mense in hulle konkrete situasie aan te spreek. Die brief in Beeld ‘n paar maande gelede het dit nogmaals op ‘n ironiese, maar treffende wyse geïllustreer. Ek verwys na ‘n brief van Francois Malan wat op 22 Junie 1999 gepubliseer is onder die titel, Dominee preek uit Jeremia… Hy vertel van die vorige Sondag en die dominee se preek uit Jeremia en hoe die predikant uitgebrei het oor hoe sleg dit met ons gaan. In sy preek trek hy die Israeliete se situasie, nadat die room van die volk na Babilon weggevoer is, deur na ons situasie. Die boodskap is dat ons, ten spyte van die sorge, ons nie moet oorgee aan die hooploosheid nie. Die laaste paragraaf van die brief moet ek in die skrywer se eie woorde weergee:

En Terwyl die dominee so preek, ervaar ek die lekker warm gebou waarin ek sit, dink aan die talle luukse motors wat in die kerk se parkeerterrein geparkeer staan (ook my beskeie ‘stokou’ twee jaar oue Camry’tjie), en die lekker kos wat daar by die huise gemaak word om ons vaders op ons spesiale dag te onthaal, en ek dink: Laat die ‘swaar dae’ tog asseblief gou verbygaan. Ek begeer al so lank een van daai mooi 4x4’s

Die bepaalde preek is duidelik binne ‘n konteks van voorspoed en welvaart gelewer. Die dominee gebruik ‘n teks wat in ‘n totale vreemde situasie afspeel en hy slaag nie daarin om op ‘n oortuigende wyse te verduidelik waarom hy dink dat hierdie teks relevant is vir ons situasie nie.

Ek glo nie dat ons predikante doelbewus wegskram van kontroversiële sake nie. Dit is eerder ‘n geval dat ons benadering tot prediking ons nie genoegsaam dwing na die sake van die dag nie. Wat nodig is, is ‘n meer sirkulêre benadering. Die reguitlyn-benadering wat beweeg van teks na uitleg na toepassing, maak dit moontlik om ‘mooi’ te preek, sonder om profeties te preek. As ons ‘n sirkulêre benadering kan aanleer waar ons ‘n konteks-teks-konteks beweging het, sal ons nie so maklik kan wegkom met ‘n preek wat nog kant nog wal raak nie. Ons as gereformeerde predikers het waarskynlik nog nie genoeg leer luister na die konteks nie. Met konteks bedoel ek die huidige situasie, ons

gemeentes se sosio-kulturele konteks. Ons wil preek sonder om eers goed te luister en te verstaan. Die gevolg is òf goedkoop preke wat maklike oplossings oor oppervlakkig probleme aanbied, òf Skrifuitleg wat geleerd en mooi is, maar nie relevant nie.

Ons predikante lees te min koerante, tydskrifte en kontemporêre literatuur. Ons laat te min toe dat ons geleer word deur die kuns, teater en films. Die gevolg is dat ons prediking en eredienste al meer soos ‘n subkultuur word wat ‘n eie lewe lei en min raakvlakke het met die gewone bestaan van elke dag.

As ons kan leer om goed te luister na ons konteks en dan versigtig te gaan soek na raakvlakke met die teks (Bybel), sal ons met verantwoordelikheid kan terugbeweeg na die konteks en ‘n profetiese stem laat hoor.

---

* Professor in Praktiese Teologie aan die Teologiese Fakulteit van die Ned Geref Kerk, Universiteit van Pretoria